Valentynsdag
God se liefde

Teks: Romeine 5:8

Welkom

Harte gesprek speletjie: Verdeel die kinders in groepe. Maak vooraf vir elke groep ’n rooi, oranje, geel, groen en blou hart. Vra vir elkeen om ’n kleur te kies (rooi, oranje, geel, groen of blou). Laat hulle die kleur hart wat hulle gekies het omdraai en die vraag agterop lees. Elkeen moet die vraag beantwoord wat by die kleur pas wat hulle vooraf gekies het. Hulle vertel dan aan mekaar die antwoorde.

- Rooi hart – As jy nou iemand kon nooi vir ete, wie sou dit wees?
- Oranje hart – Hoe kan jy hierdie week ‘n vreemdeling laat welkom voel?
- Geel hart – Vertel van iemand wat vriendelik was met jou die afgelope week?
- Groen hart – Op watter manier kan jy liefde wys sonder woorde, net met dade?
- Blou hart – Waaroor is jy bekommerd of bang vir 2023?

Wyding

Laat kinders rustig sit en dink aan ‘n keer wat iemand hulle styf vasgehou het toe hulle hartseer was of alleen gevoel het. Hulle kan anders sommer dink hoe dit voel as iemand hulle ‘n lekker drukkie gee ook. Luister na die lied of enige van sy soort en dit kan dan na die tyd saam gesing word.
“Ek weet dat U my liefhet” https://www.youtube.com/watch?v=M44V8RVrlDI

Temalied
Enige gunsteling lied oor Jesus se liefde vir ons.

Woord

Op 14 Februarie vier baie mense Valentynsdag – waar hulle hulle liefde vir ander mense verklaar. Dalk beplan julle ook om dit te vier en ’n kaartjie of boodskap vir iemand te stuur? As gelowiges, weet ons dat liefde nie net gaan oor romantiese liefde nie, maar oor veel meer. God wys vir ons deur Jesus dat ons ander mense, ongeag wie hulle is, ook moet liefhê. Jesus skyn ’n lig in ons harte, sodat ander deur ons liefde, omgee, vriendelikheid en diensbare dade kan sien wie God is.

Het jy geweet dat daar ‘n dag was waar God ook vir ons kom wys het hoe lief Hy ons het? Dit was die dag toe Jesus aan die kruis gesterf het om vir die sonde van die mensdom te betaal. Op daardie dag het God vir ons gesê: “Ek het jou lief met ‘n ewige liefde. Ek gee My eniggebore Seun in jou plek. Hy betaal die prys wat jý nie kan betaal nie, sodat Ek weer met jou in ‘n verhouding kan staan.”

Ons lees dit ook in **Romeine 5:8**
"God bewys egter sy liefde vir ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was."

God wil ons herinner dat Hy vir jou baie lief is en dat Hy ook saam met jou gaan. Hy sal jou ook help om lief te wees (om om te gee en 'n goeie maat te wees) vir ander mense. Hy vul ons harte met liefde, sodat ons vriendelik kan wees en sy lig kan laat skyn.

Werskaf

Maak jou eie liefdesrots deur 'n klippie te versier en dit met iemand te gaan deel: "Die Here, my Rots, het my lief."
Die kinders kan meer as een liefdesklippie ook maak en dit vir die onderwysers of by die huis gaan uitdeel op Valentynsdag.
Deel God se liefde met almal - maak dus meer as een as jy wil of daar tyd is!

Seënbede

Dank God elkeen vir sy liefde en vra Hom vir wie jy hierdie week liefde kan uitdeel.